

9 Mei

Skrifgedeelte: Openbaring 7:7-19
Fokusgedeelte: Openbaring 7:11, 12
HK, Vraag 129

Kan jy “amen” sê op jou gebede?

Saam met Johannes sien ons vér, 'n gesig van die hemel. God wat op die troon sit word aanbid en verheerlik. Twee keer in vers 12 word die woordjie “amen” gebruik. So sluit ons ook ons gebede af en met hierdie woordjie eindig die Onse Vader.

Amen beteken “dit is waar”, “dit staan vas”, “dit is inderdaad so”. Die woorde waarmee God in hemelse heerlijkheid aanbid en geprys word is waar; daarom “amen” daarop. Waarom kan ons na die Onse Vader ook “amen” sê? Omdat die inhoud van die Onse Vader waar is. Dit is waar, want Jesus self het dit vir ons geleer. Hy is die weg en die waarheid en die lewe. In Hom is slegs waarheid en geen leuens nie. Hy is self volgens Openbaring 3:14 die “Amen”. Hy is die geloofwaardige en betroubare getuie. Wat Hy sê, is waar en staan vas.

Kan jy “amen” sê op jou gebede? Jy kán as jou gebede waar is. Jy kán as jou gebede op die vaste waarhede van die Woord van God staan. Jy kán as die inhoud van jou gebede bepaal word deur dit wat jy in die Here se Woord leer oor gebed. Die “amen” aan die einde van ons gebede is ook vir ons 'n groot troos. Dit herinner ons telkens daaraan dat God ons gebede hoor en verhoor – dat my gebed baie sekerder deur God verhoor word as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer (HK).

Sing: Psalm 72:11

Ds. L du P van der Vyver (Silverton)

~~~~~